

# 'n Onvanpaste voorstel

Teks: Lukas 9: 28 - 36  
Teksvers: Lukas 9: 33

## 1. Inleiding

Het u al skielik uit die slaap wakker geskrik, net om nie mooi te weet waar u is nie en wat om u aangaan nie. Ons het dit ervaar toe ons skielik wakker word en corona is rondom ons. Toe dit skielik onveilig word om met 'n mens se daaglikse lewe voort te gaan. Maar genadiglik het ons dit weer Dinsdagoggend ervaar toe ons wakker word en onthou dat inperkingregulasies opgehef is. Dat ons vandag weer hier bymekaar kan kom, in die erediens.

Maar terug by daardie direkte woorde en opmerkings wat gemaak word wanneer iemand net wakker word. Ons weet dikwels wanneer mense uit narkose wakker word, sê hulle die eienaardigste dinge. En verseker is dit nie dan die tyd om belangrike geloofsuitsprake te maak nie. Dit bring ons vandag by die eienaardige gebeurtenis van die verheerliking op die berg. Anders as in die Mattheus en Markus evangelie word hier melding van 'n ontwaking uit die slaap gemaak. Dit is dan wanneer Petrus die uitspraak in ons teksvers maak.

Verseker is dit nie die beste tyd om geloofsuitsprake te maak nie, of om belangrike geloofsaksies te neem nie. Maar of Petrus nou nog deur die slaap was of nie, hy begewe hom in elk geval op onbekende gebied. En dalk moet hy maar net stil en rustig wees in die teenwoordigheid van die Here.

Behalwe vir die saak wat ons nou reeds aangeraak het, bly hierdie een van daardie moeiliker teksgedeeltes om te verklaar en te verstaan. Natuurlik ook omdat dit so verwyderd is uit ons eie werklikheid. Tog gaan ons in hierdie preek sien dat daar verbasend baie ooreenkomste is met wat vandag rondom ons gebeur en gesê word. Kom ons gaan word stil op die

verheerliking op die berg en hoor die Here se stem.

## 2. 'n Verkeerde verstaan van die eindtyd.

Daar is tradisioneel twee maniere waarop hierdie teksgedeelte verstaan en verklaar word. Die eerste is die siening dat Petrus dit wat hy ervaar as die eindtyd sien. Kom verduidelik dit uit ons teksvers. Die idee om hutte te bo is nie sommer 'n lukrake gedagte wat by Petrus opkom nie. Hierdie hutte bou vorm 'n belangrike deel van die loofhuttefees. Dit is was juis 'n fees wat die volk herinner het aan die uittog uit Egipte.

Maar dan het die loofhuttefees ook 'n sterk profesie oor die eindtye gehad. Want die hele uittog uit Egipte is tog die profesie van verlossing en die uiteindelijke volmaakte beloofde land, of dan die hemel. Iets hiervan leef dan in Petrus se oortuigings. Hy dink dit is nou eindtyd of dat dit baie naby is. Miskien omdat hy juis geslaap tydens Jesus se gesprek in vers 31 met Moses en Elia.

Dit is dan die eerste manier waarop hierdie teksgedeelte verstaan word. Dat die hutte wat Petrus wil bou, hierdie oomblik wil vasvang en permanent maak. Dat dit die hemel as 'n ware hier wil vasmaak. Daarom die teregwysing van die Here.

In onlangse tye was daar om ons ook nie 'n te kort aan eindtyd profesieë nie. Soos Petrus die verskyning van Elia en Moses verbind aan die eindtyd. So verbind mense ook in swarttye die vervolging van die kerk aan eindtye. En natuurlik is dit presies hoe mense ook na die toe kerkdeure, die afgelope paar weke verwys het. Maar die duidelik boodskap uit ons teksgedeelte is steeds: "Dit is my Seun wat Ek uitverkies het. Luister na Hom." Ons moet nie ons eie idees oor die eindtyd opmaak en uitwerk nie. Jesus sê self oor die wederkoms in Matteus 24:43 :

“<sup>43</sup>Onthou dit: as die huiseienaar geweet het watter tyd van die nag die dief kom, sou hy wag gehou het en nie toegelaat het dat daar in sy huis ingebreek word nie.

### **3. Maar net nog 'n groot profeet.**

Die tweede manier waarop hierdie gedeelte tradisioneel verklaar is die volgende. Die drie hutte wat Petrus wil bou is op die oog af identiese hutte. En dit is dan presies die probleem. Die hut wat dan vir die Here Jesus Christus gebou word, is dan presies dieselfde as die hut vir Elia en Moses. Met ander woorde Jesus neem dan net sy plek in as nog 'n groot profeet.

Natuurlik verbloem die verwysing dat Elia en Moses ook met hemelse glans verskyn het in vers 31, hierdie saak vir ons. Hulle is per slot van sake ook hemelse wesens op hierdie stadium. Maar die heerlijkheid van God se teenwoordigheid wat sigbaar is aan die gesig is nou waarneembaar by Christus. Dit is nie meer waarneembaar by Moses soos wanneer die wet van die Here bring in Eksodus 34.

Ons het hier met iemand wat groter as Moses en Elia is te doen. Tog is dit uiteindelik in nederigheid nie Jesus wat vir Petrus tereg wys nie. Dit is die Vader wat baie duidelik die Godheid in Sy band met Christus bevestig. En dan uiteindelik Jesus wat alleen daar is, soos wat Hy ook alleen na die kruis gaan, en alleen al ons sondes op Hom neem.

Ons leef ook vandag in 'n geloofsomgewing waar Christus dikwels op die agtergrond geskuif word. Ons weet dat Sy Naam en bloed dikwels in towerformules gebruik word. Maar uiteindelik is dit maar om ons wil en gemak te verseker. In vandag se geestelike omgewings wil ons ook nie altyd luister wat Christus vir ons sê nie.

Daarom moet ons moet altyd sensitief bly om aan die Here die hoogste eer in ons lewens te gee. Dit is natuurlik juis die rede

waarom ons vanoggend hier by mekaar is. Om te luister na wat Christus sê.

### **4. Petrus begewe hom op onbekende gebied**

Laastens kyk ons na Petrus se optrede in ons teksgedeelte. En onmiddelik herken ons hierdie sterk persoonlikheid van Petrus. Daar waar hy dikwels met soveel ywer optree dat hy sommer op 'n dwaalspoor land. Waar Jesus hom natuurlik keer op keer aanspreek en tereg wys. Die optrede in ons teksgedeelte is natuurlik heeltemal in lyn met hierdie karaktertrek van hom.

Petrus speel 'n belangrike rol in die Nuwe Testamentiese kerk. Van waar hy die bekende belydenis doen in Mattues 16:16 tot na Jesus se hemelvaart, werk Petrus baie aktief in die kerk. Hy vervul dikwels 'n leidende rol. Maar miskien is dit juis hier waar vandag se teks gedeelte vir ons so 'n belangrike openbaring bring. Wat gebeur wanneer die kerk op onbekende gebied beweeg?

Ons is deur 'n tyd waar die kerk juis op so 'n onbekende gebied was. Dinge is anders gedoen, as wat dit letterlik van die begin van die Nuwe Testamentiese kerk gedoen is. Tog sien ons in ons teksgedeelte, dat dit dan juis nie die tyd is, wanneer die kerk hoogmoedig verskeie uitsprake moet maak nie. Nee, ons moet eerder in stilte wag tot ons duidelik die stem van die Here hoor oor 'n spesifieke saak.

Want die kerk se opdrag is om altyd die Woord van die Here te verkondig, nie om te sê wat die mense eenvoudig wil hoor nie. Petrus tree oorhaastig en oorywerig op. Hy wil die kerk van die Here op 'n spesifieke manier laat funksioneer in ons teksgedeelte. Maar die probleem is dat Hy homself eintlik op 'n onbekende gebied bevind.

Die Vader praat hart en reguit met Petrus, maar tog is Jesus ook steeds daar. Petrus, Johannes en Jakobus het die voorreg om

steeds in die teenwoordigheid van die Verlosser te wees. Selfs al sou hulle dit eers later deur die werking van die Heilige Gees beseef het.

## 5. Slot

Ons kan afsluit deur te sê, dat vandag se teksgedeelte handel oor een van die donker kolle in die kerk se geskiedenis. Onder leiding van Petrus wil die kerk heel verkeerde rigting inslaan. Dit is juis in hierdie situasie dat die Bybel so geweldig eerlik is. Want dit is nie die Fariseërs, en skrifgeleerdes wat hier verkeerd optree nie. Nee, ook vir die apostels se foute is die Here nie blind nie. Hy straf en veroordeel alles sonde, maak nie saak wie dit doen nie.

Maar dan sien ons ook weer duidelik die genade van die Here deurskyn in hierdie teksgedeelte. Petrus, Johannes en Jakobus vergaan nie eenvoudig in die teenwoordigheid van die Here nie. Hulle bestaan voorts, selfs ondanks Petrus se verkeerde voorstel. Dit gebeur wat hulle is in die teenwoordigheid van die Verlosser, ons Here Jesus Christus. Die enigste ware middelaar tussen ons die Vader.

Maar verder gebeur dit ook natuurlik omdat daar nog 'n pad voorentoe voorlê. Hierdie drie apostels word nie eenvoudig net gered op vir ewig stil te bly en stil te sit nie. Ja ons teksgedeelte eindig waar hulle aanvanklik swyg oor die gebeure. Maar ons weet later sal die Heilige Gees ook oor hulle kom, en dan sal hulle getuig oor die waarheid. Dan word die Nuwe Testamentiese kerk deur die verkondiging van die evangelie begin. Die kerk waarvan ons vandag nog die voorreg het om deel te wees.

Die belangrike les wat ons vandag uit hierdie teksgedeelte kan saam neem, is die volgende. In moeilik verstaanbare omstandighede moet ons nie te vinnig wilde uitsprake lewer nie. Selfs al bedoel ons goed, moet ons eerder nederig op die stem van die Here bly wag. Want die Gees

van die waarheid sal ons deur die skrif ly om werklik te praat en op te tree tot eer van die Here. Met dit in gedagte welkom in die kerkgebou, saam die gemeenskap van gelowiges in Phalaborwa in 2021.

Amen